



Graad 6

Natuurwetenskappe & Tegnologie

Week 3: Memorandum



Dinsdag, 12 Mei:

Aktiwiteit 10-11, bl. 81-82

Aktiwiteit 10 Beskryf die invloed van temperatuur

LB bladsy 81

Antwoorde

- a. Die beker met warm water.
b. Die warm water is die oplosmiddel en die tee is die oplosbare stof.
- Ek kan sien hoe die oplosbare partikels van die oplosbare stof in die spasies tussen die partikels van die oplosmiddel versprei.

Die warm water laat dit vinniger versprei.

Aktiwiteit 11 Identifiseer faktore wat verskil

LB bladsy 82

Antwoorde

- Die grootte van en die soort houër, watter soort oplosmiddel gebruik is, die hoeveelheid oplosmiddel wat gebruik is, die hoeveelheid oplosbare stof wat gebruik is en die temperatuur van die oplosmiddel.
- B word geroer.
- Beker A
- Ja, die bekere is ewe groot. Elke beker bevat dieselfde hoeveelheid water en dieselfde hoeveelheid oplosbare stof. Die oplossing in een beker word geroer, maar dié in die ander beker nie.
- In 'n billike toets word al die faktore dieselfde gehou, behalwe die een waarvoor getoets word.
- Anders sal ons resultate nie betroubaar wees nie

Donderdag, 14 Mei:

Aktiwiteit 12, bl. 83

Aktiwiteit 12 Identifiseer verskillende korrelgroottes

LB bladsy 83

Antwoorde

- Oplosmiddel: water; oplosbare stof: suiker
-

Faktore wat dieselfde is vir albei	Faktore wat verskil
1. Grootte van die bekere	Een teelepel oplosbare stof bevat suikerkorrels; die ander een bevat 'n suikerklontjie.
2. Volume water, die oplosmiddel in elkeen	
3. Die oplosbare stof is suiker.	

Assessering

Gebruik die leerders se terugvoer om hulle voorspellings te konsolideer.
Interpreteer inligting verkry uit prente.

Hersiening onderwerp 7, Bl.90 (Merk en gee jousef 'n punt uit 20)

Hersiening van Onderwerp 7

LB bladsy 90

Wetenskapstaalaktiwiteit

Antwoorde

1. a
2. b
3. d
4. e
5. c

Hersieningsaktiwiteit

Antwoorde

1. Sout: oplosbaar, koekmeel: onoplosbaar, rys: onoplosbaar (3)
2. Smelting is 'n verandering van toestand, hitte is nodig vir smelting; oplossing is wanneer partikels van een stof in die spasies tussen partikels van 'n ander stof versprei, hitte word nie benodig nie, maar sal dit vinniger laat smelt (4)
3. a. afsakking en dekantering (2)
b. filtrering (1)
c. verdamping (1)
4. Korrelgrootte van die oplosbare stof, roer, temperatuur van die oplosmiddel. (enige 2)
5. d, f, c, b, e, a, g (7)

Totaal: 20